GRONDBOONOESTYD:

'n Paar wenke vir sukses

LOUREINE MULLER, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Deur die hele groeiseisoen probeer die produsent sy beste om 'n goeie oes te lewer. Daar is wel 'n klomp faktore soos plantdiepte, siektedruk en waterbeskikbaarheid wat 'n groot rol in die opbrengspotensiaal van grondbone speel, maar die grootste invloed op die kwaliteit van grondbone is die bepaling van die korrekte oesdatum en oespraktyke wat gevolg word.

Dit is nodig dat produsente alreeds teen 130 dae na-opkoms gereeld monsters trek om 'n rypheidsbepaling te doen. Soos die dae aanstap na 150 dae na-opkoms, sal die verkleuring binne die peule aanduiding gee van die rypheidsgraad van die aanplanting (**Foto 1a** en **Foto 1b**).

Waak daarteen om die rypheidsbepaling volgens die peulkrapmetode te doen, aangesien dit nie 'n werklike weerspieëling van die rypheidsgraad in Suid-Afrika is nie.

Om 'n goeie opbrengs te verseker, moet die produsent al by planttyd begin, waar planters by die uithalers aangepas moet word. Swak onkruidbeheer tydens die groeiseisoen beïnvloed die oesproses negatief, aangesien probleme met verstopping van uithalers en grootskaalse oesverliese voorkom.

Die beskadiging van peule tydens die oesproses moet verminder word. Dit is nodig om uithalers tydens die oesproses gereeld na te gaan om te verseker dat die werking daarvan so sagkens as moontlik geskied om peulbeskadiging tot 'n minimum te beperk (**Foto 2**).

Die volgende besluit wat die produsent moet neem, is die keuse tussen hopies pak, in sakke of losmaat lewer. Daar is baie voordele sowel as nadele verbonde aan elkeen van hierdie oespraktyke.

Wanneer die produsent op die hopiepakmetode besluit, gaan hy beslis met 'n hoëkwaliteitproduk eindig, maar dan moet hy besef



▲ 1a: Rypheidsbepaling waar grondbone slegs 25% rypheid toon.
◥ 1b: Rypheidsbepaling waar grondbone 71% rypheid toon.
▲ 2: 'n Grondboonuithaler is aangepas by die planterrye.
▲ 3: Korrekte pakmetode vir 'n hopiebasis.
◥ 4: Grondboonhopies word gepak vir saadvermeerdering.